

*landsche kroon verwoerd die
boekje*

Wijgerboomhogies

*is in gedachte van heel
de boekwereld (de loit) Predeke
verspreid van
in 1912. Botchepton*

Verse van Totius.

Vierde Druk

Stella Metelenkam



Ter Gedagtenis aan
drie lieve dode

Uitgegeve deur A. H. Koomans, Beperk, Potchefstroom

1924

BY DIE DERDE DRUK.

By die nuwe druk van „Wilgerboombogies” wens die skrywer alleen te meld dat een van die gedigte, uit die eerste uitgawe, verdwyn het, één daarvan het verander van gedaante en drie nuwes het bygekom. Die nuwes is met ’n * gemerk.

T.

Potchefstroom,

Januarie, 1923.

Van dieselfde skrywer het verskyn:

RACHEL.

TREKKERSWEE.

BY DIE MONUMENT.

KINDERVERSIES.

SY LAASTE WENS.

„My kind, hier langs my venster aan
het eers 'n wingerdstam gestaan;
hom het my nog gesonde hand
daar ingeplant.

„Hy is verdord,
sy lewenskleur is vaal geword,
soos nou my lewenlose hand
in slingerband.

„Gaan heen en plant 'n wilgerstek
op daardie plek,
as durende herinnering
aan smart wat jou het hier gebring.”—

Net soos die grasblaar willig-sag
hom buig as doudrup van die nag
vergely — so willig was my wil,
my siel so stil.

Ek het die lydenswerk verrig,
die lydensteken daar gestig,
ek het daar water ruim gepleng
en enkle trane bygemeng.—

In stilte, soms in pyne, gly
nog maande langs sy bed verby,
ontwoel sy wortels één vir één,
en dryf sy stam daar eindlik heen.

En toe ons hom begrawe gaan
die wilgerstek gewortel staan,
met bogies, wat bly-treurig doen—
neerhangend maar al hoopvol groen.

Hoe diep sy laaste fluistering
het in my binneste ingedring!
hoe breed my ingestroom
die beeltnis van die wilgerboom!

Hoe het daar stilweg opgerys,
uit ander grond, op ander wys,
'n boom waaraan die bogies hang
van klaaglied en van dodesang!

✓

DIE LIED VAN DIE WILG.

Al langs die lae waterkant
is eers my moederstam geplant,—
so rank en reg, met takke net
soos d'ander boompies almal het,
dat hul my nou verwonderd vraag,
waarom my takkies so omlaag
en treurig hang—so na benee,
'n teken mos van hartewee?

Wanneer die liewe lente kom,
met nuutgebore blad en blom;
wanneer die bome almal staan
met nuwe kleertjies aangedaan,
en laggies blink van elke blad
waarop die sonnestraaltjie vat,
dan laat ek ook my lintjies swaai
en vrindlik in die windjies waai.—

Maar of ek al so feestlik staan
en bly, die vragies kom weer aan:
waarom ek tog my takkies draag
so treurig en so al omlaag,
en in die blye bloeiseisoen
so anders en so treurig doen?

✓ Dan sing ek aan die windjie voor
my harteliedjie, oor en oor,
totdat die bome en skone wei
my toesing al uit medely:
„nou weet ons waarom lank en slank
jou takkies hang: jou hart is krank.”
See

Daarom die takke
vandie-wilge so tuis-
up!

Al langs die lae waterkant
my moederstam staan ingeplant
in donker grond; die kwekiës spruit ^{gras kan sk} ~~daar~~
wel nouliks bo die barse kluit,
en sonnestraaltjies selfs verloor
hul glanse langs die donker spoor.
Daar het my moederstam uit swart
en altyd koue grond haar smart ^{droefte}
vandaan, en ons dit meegedeel—
haar spruite in droefenis geteel.—
Daar langs die turf-swart waterkant
waar nog haar stam staan ingeplant,

Al langs die stroom het sy gegroei
waar donker waters langszaam vloei,
of staan in kuile swart nes ink,
waarin die hemel nouliks blink;
geen keitjies, met sy glans bestryk, //
ooit speels en vrolik opwaarts kyk
deur helder waters heen; ja dáár
het moeder eers haar-self gewaar,
vol donker trekke, en ons geteeld //
al na haar eie somber beeld—
al langs die stroombed waar sy groei
en donker waters langszaam vloei.

hoe dieper die rivier
hoe stadiger vloei dit

* DIE PAADJIE DOF EN KLEIN.

(Op 'n woeste berg het die skrywer 'n kort endjie voetpad teëgekom.)

Die mens wat in die wildheid dwaal,
en op die berge styg en daal
is bly,
as hy 'n voetpad kry.

Al is die paadjie nog so klein,
al sal dit netnou weer verdwyn—
die wandelaar se voet
gaan ongemerk dit in-gemoet.

Dis troos vir hom, as hy alleen
sy pad soek deur die wildheid heen,
dat daar tevore mense was,
waar nou sy voet dwaal deur die gras.

Dis troos, ver in die woesteny,
dat daar 'n strepie bly,—
dat daar 'n endjie van ons weg
met ander saam word afgeleg.

o Lewens-wildheid grenseloos!
dit is ons, mense, 'n diepe troos,
die wetendheid:
'n ander het dieselfde stryd.

Simbolik: die oupa
as 'n afskeid neemende
vriend!

AFSKEID AAN DIE OUE JAAR.

o Soete en allerlaaste ^{laaste maal dat die oujaer} aanwesendheid ^{saam sal}
van wat my was 'n vrind! o Oue jaar ^{wees}
wat, nou die dag verword tot awendtyd, ^{weggegaan}
wil skei met vrindlik-sagte groet-gebaar
totdat, wanneer die dag is doodgedaan,
jy heengereis sal wees en weggegaan

^{eerste} ^{dag van} ^{jaar} Hoe het ek jou die eerste môre vaal
en droewig voor my venster in moes wag,
toe jy gebid het om 'n vroeë onthaal; ^{van houe}
wat was dit toe 'n droewe nu-jaarsdag! ^{nie onthou}
wat was jou oog toe dof, jou aanblik mat ^{moeg}
en koud, soos een wat slaap nóg rustyd
[had!]

^{laaste} ^{van} ^{jaar} ^{laaste} ^{dag} Diep-swyend het jy ingekom, geen woord
gesê, jy was my steeds so stil gewees,
by kom en gaan; jou boodskap, ongehoord,
het ek jou strengheid langsaa af moes
[lees;
want daeliks net één blad ommeslaan
van daardie boek, waarin Gods raads ^{advies}
[staan.

^{nooit} ^{voornit} ^{gewees} ^{me}
wat gaan gebeur.

Dit is die afskeid van die
oujaar 1911 (persoonlike gedag)

een droefheid na in ander

Ons samesyn was daadlik ingewoel
in smart op smart; maar swyend-gaan-
[de, jy

het my geleer dat vrindskap, onverkoel, *Sonde*
in woorde stil kan wees, vol medely;— *te preek*
jou immer-blywendheid, by dag en nag,
het my berusting, lig en lied gebrag. *tydlyk*
tevrede geword.

Nou sal jy ongemerck my weer ontsweef *weg*
na d'oseaan van diepe ontydlikheid, *eternity*
wyd-weg van wat hier nog in engheid leef,
maar naadrend Hom, wat ook jou stroom-
[gang lei,

en heel jou skat van blydschap en geween
eens aan Sy voet vergader sal byeen.

Jy sal dan gaan. Hoe soet is voorberei
die laaste gang: jy sal geen band verskeur,
maar ongemerk my uit die hand laat gly:
die laaste dae bring ons denkend deur,
en 't was of ook die drukke mensgeswoeg
met ons gewag het, soekend, vraend,—

[moeg!

Die aand is daar; die sonnebeeld, gelyk
'n skugter maagd, daal blosend in haar sad,
(waar Vaalrivier, breedboggend, weswaarts
[wyk] *son* *wide luid* *herte*
en met haar goue drup die berge oorspat,
terwyl, die bergvoet reeds verdonkrend,
[gaan
die skadutonge, kruipend af en aan. *)

Sal jy nou gaan? Daar kom die maan al oor
die berg en sê: „ek sal hom straks kom haal,
en lig hom dan met my lanternlig voor,
as alles is in diepe droom gedaal;
en kom die môre weer die plaas ontwek, *valke*
dan 's maan en oue jaar wyd weggetrek!” *maak*

„God sy met jou en my!” so slaap, so
[droom
'k my weg: jy het my smartewond genees;
gaan heen en stroom tot waar geen tyd *paar nou*
[meer stroom, *na die ewigheid*
maar voor Gods troon 'n glase see sal wees,
vol pêrels, opgediep en ingesnoer *ingereg*
in lydenstyd en met jou meegevoer!

*) Situasië-tekening: Nooitgedacht by Vaalrivier.

Die draefheid is net pêrels.
Die stroom van die tyd se van
die ewigheid wat hier is die
eerste keer beskryf sal ons wees
intmaak.

TER NAGEDAGTENIS VAN... Sy broer

Waar d'ooiverlate melklam bler
in noodgeroep, uit velde ver;
en herdershoop in onmag ^{modder} kwyn,
wanneer die wolkies weer verdwyn;

daar waar die vaalbos, half ontdaan
van winterklere, lelik staan;
sy veldvrind, die resyntjie-bos,
nog laat geen voorjaarsbotte los

op stofgetrapte vaalbosbult;—
dáár roep, in purperdrag gehuld, ^{vernied}
die simpel-skone alwyn-blom *)
my juigend toe: „Wees wellekom!”

.. .. .

^{alwyn}
o Soete blom, wat wondervol
geskiet het uit die doring-pol,
waaraan die skaap sy voetjies skaaf
om dan sy hete dors te laaf!

*) Bedoel word die bont-karree-alwynblom, wat oorvloedig
aanwesig is in die omtrek van die Morkaan (Schweizer-Reneke.)

Hy skilder die alwynblom
as simbool van sy broer

Jy bloei net soos die rose rood,
as d'aard nog skeur in dorheidsdood;
en al die bye uit mierhooptuit
vlieg op jou heuning-kelkies uit.

Dié blomsoort plant ek op sy graf.

o Leser, vra geen oorsaak af!

God weet my hartsgeheimenis,
waarvan die blomkelk draagster is.

Hy leef in soete 'erinn'ring na!

Sy doringkrans kom blomme dra!

Sy diepe grond, in wêreldstof,

gaan uitbot soos 'n lente-hof!

*** KON EK DIE DING MAAR AFDOEN.**

Kon ek die ding maar afdoen met 'n traan,
wat opwel in die helder-opë oog
en wat ek met my sakdoek weg kan droog,
om dan my pad weer welgemoed te gaan...

Kon ek die ding maar afdoen met 'n traan
en dit weer saggies wegdroog net soos sy;
want toe ek haar vertel my medely,
omdat haar vrind so droef het heengegaan—

toe het sy net indagtig-stil geword,
terwyl 'n traan haar in die blou-oog swem;
net sagte ontroering gaan daar deur haar
[stem,
terwyl sy klaag: „sy lewe was so kort,

ek dink hy moes nie dood gewees het, vrind.”
Dan is dit weer verby; sy 's nes voorheen;
haar hart het lug gekry; sy 't uitgeween,
en is weer soet-tevrede soos 'n kind.

Kon ek die ding maar afdoen met so'n
[traan!

Maar ag, die smart-vlek lê te diep en vas,
en 'k het geen traan nie om dit weg te was
soos sy, toe sy daár voor my het gestaan.

DIE OUE WILG.

*Asbeeld van
homself*

Die oue wilg
se takke het
al dae, dae lang,
vergeeld, vergaan,
in wind en kou,
treurig armoedig neergehang.

Die flenters lê
by hope langs
die stofpad saamgewaai;
alleen die ra-
fels hang nog om
sy lede rond te swaai.

elke wat afgeval is

heel takke

Nog kort gelee
sy mantel het
tot op die grond genaak;
met windgeroer
het dit geplooi
en sag soos sy gekraak.

gwen klane
Dié stasiekleed
is weg en in
die wind staan hy te kla:

*my ook
an tera*
'n monnik net,
wat om sy skuld *Sonder*
die boetekleed moet dra.

4 'n Eikeboom
het takke wat,
nes uitgestrekte arme,
in wintertyd
na bo bly wys,
sterk-smekend om erbarme; *genade*

hier
maar hier is net
gelatenheid *terwede*
by soveel prag-berowing,
en skraal geblink
van bogies na
die somerglans-verdowing.

*ien hel
n taal
ogies*
o Wilgerboom,
beeld van my skuld!

So naak en uitgetoë
is ook my siel,
verarmoed en
so diep terneergeboë!

*hel so arm
in hartseel*

Maar tog is jy,
so kaal en in
jou groue bedeldrag, *winter kleed*
gelyk'nis van
'n stil geloof *vol stille geloof*
en immer-hopend wag. *en hoop.*

herlewe Jou rafels is
die harekleed
van Gods profeet, so streng,
wat by berou
beloft'nis van
herlewe weer kom bring. *herlewe*

En as die wind
jou rustloos roer,
dan hoor ek hierdie spraak:
„Al lyk ek nou
so dubbel dood —
ek sal weer herontwaak!”

TER NAGEDAGTENIS VAN.....

Sy Suske

moedige
veld van
stille
lewe

Skone beeld van stille lewe.

Mooirivier! jy is vir my
ewê-beeltnis van háár lewe
wat so saggies het vergly.

drink oor 'n
meenee wat
hy gekies het.

ongedie
vriendin
haie groen

Uit jou gras-oorgroeide velde
speur ek nouliks jou omleeg.—
En die wêreld wis so selde
iets maar van haar stroombeweeg.

haie me
van haar
lewe ge

na sy
geaan
het het

Maar—steeds somergroen jou walle,—
stroom jy op die tuin-stad aan.—
Om haar heen was welgevalle,
blomme waar haar voet mog gaan.

sy some dade gedoen

Seënend sink jy weg, o Mooie!
tot jou kruik is leeg gedra.—

laat 'n
seun na
hom totte
dag dat hy
droomt b.

Seënend sink sy in die soole
en laat d'aarde groenend na.

an aller
en haag
te rui
was

En nes jy, wat in die vleie
ons 'n liewe lig-lyn laat,—
so was hier haar stil verglye 'n
silwer-blinke liefdedaad.

Die Mooi-24-ruwe as beeld
van Sy Suske

'N SPROKIE.

Ek ken 'n mooi klein sprokie,
wat so na waarheid klink—
dis dat die tortel altyd
sy water troewel drink.

Kom hy by helder plassies,
dan sal hy drinkend neig,
as eers, na sagte roering,
die modderwolkies styg.

weet
Dáárom sing hy so droewig
van donker voël-leed;
dáárom tooi hy hom stemmig
met dowwe verekleed.

So is daar somber siele
waar hy my aan laat dink,
wat, soos die tortel, troewel
die lewenswater drink.

pleet
Vir alle lewensliefheid,
vir vreugdesang bevrees,
drink hulle geen genoeëns,
of die moet troewel wees.

AS DIE DAG GAAN STERWE.

Sy vader

hele wereld
Wye skepping roerloos staan,
as die dag gaan sterwe;
as sy laaste westergloor
kyk met matrooi verwe
winterweïveld oor;

sink daer
as in stilte, slap en swaar,
reuse-oëlede

(die hele natuur)
laag en altyd laer sink,
tot deur awendsomberhede
langgerekte lugstreep blink;

die halfdunne
en die dag nog
fluiſter-swakkies,
met 'n ver gerug,
deur die loom-bewoë takkies
blaas sy sterwenssug;

dag of son hoog
en hy, lewensmoeg,
op die skemer-kus
in sy grafstee ondergaan,
waar 'n berg as steen van rus
eensaam staan.....

*— en bere
is steen van
rus.*

*Die son ondergaan as die
beeld van sy vader se dood*

*Dan sy nie neem as enige
man se sterwe nie.*

AS SY DAG GAAN STERWE.

mense

Aangesigte roerloos staan, *'n groot man*

as sy dag gaan sterwe,

as sy laaste boodskap oor

breë vlaktes swerwe

nes 'n laaste westergloor;

as in stilte, dof-geween,

magtige oëlede,

wat met groot geglans geblink

het, in krankheidsomberhede *'n siekte*

laag en altyd laer sink;

en sy siel nog, *Rou nie vergeet*

diep in smarte

ingewoel, met ver gerug

blaas in diep-bewoë harte *mense-baantou*

laaste biddenssug, *boodskaps*

tot hy werkensmoeg,

op die skemer-kus

in sy grafstee ondergaan.

Dan sy werk, as steen van rus,

groot bly staan....

VERHEUG—BEDROEF.

'k Sien jou, stroompie,
 dartlend,
 spartlend—
druppels sprinklend
 langs jou baan—
vrolik kinklend
 verder gaan.

En waar gaan die reis dan heen?

A! ek gaan weer na my moeder;
 al die stroompies gaan ook mee.
Ja, ons huppel na die moeder;
 onse moeder is die see!

Daar, daar spring ons,
daar, daar sing ons
 met die see
 almal mee!

'k Sien jou, boomblad,
swerwend,
sterwend
neerwaarts swewe;
droef en droog
neergedrewe
van omhoog.

En waar gaan die swerftog heen?.....

Ag, ek gaan weer na my moeder:
na die aarde daal ek af;
al die blaartjies daal ook same—
onse moeder is die graf!

Om te swerwe,
om te sterwe,
te verteer
daal ons neer!



DIE PELGRIM.

Wie roer aan my deur
so vertroulik en sag?
Kom binne maar, vreemdeling—
dis awend, dis nag.—

„Nee, ek mag nie na binne,
ek, pelgrimskind;
my lewe is swerwe,
my naam is die wind.”

Waar kom dit vandaan
en waar gaan dit heen,
so rust'loos voortdwalend,
vermoeid en alleen?—

„Op 'n eensame vlakte
in stilte gebore,
sal ek sterf in 'n vlakte
in stilte verlore.

„My geboorte daar ver
was 'n diep-diepe sug,
en my lewe was sedert
'n ylende vlug.”

En waarom so droewig?
Is die lot dan so swaar?
Die windjies vaar lugtig
oor die grassies se aar.—

„Waar ek kom, staan die takke
gebukkend en krom,
en die grassies buig diep
hul hallempies om.”

„Og vertoef nog 'n bietjie,
o pelgrim, by my;
waarom wil jy so vlugtig
my drumpel verby?—

„Die rus is so soet,
maar die rus is my dood;
en my rus lê daar ver
in 'n breed-stille skoot.

„Nee, ek fluister my boodskap
en gaan dan weer heen
oor die eensame velde
onverpoos en alleen.”

REPOS AILLEURS.

(Die rus is elders). *anderplek*

In die eensame veld
staan 'n tentjie klein,
en daarnaas in die skeemring
skuif die liggende trein;
ek sien in die tentjie,
deur die ope gordyn,
'n tafel met bordjies,
en glasies fyn,
wat sag in die lig
van 'n kersie skyn,
en ek dag: „was ek net
in die tentjie klein,
ek sou tog o so gelukkig syn.”

*'n mens is altes ontvredede.
Byna elke gedig bevat 'n skild
of die tye. Seder word hier
omverandering (Gees) Rus my god*

Naas die eensame tent
staan 'n meisie klein,
in stomme bewondring
van die liggende trein;
sy sien my geniet
my glansende wyn
en kostlike maal
by elektriese skyn;
en ek raai die gedagte
van die meisie klein:
„og, was ek maar net
in die vrolike trein,
ek sou tog o so gelukkig syn.”

sieltes
BY DIE HOOPLOOS KRANKE.

Ek sien sy son *horison* ter kimme staan,
om nooit vir hom meer op te gaan!
en groue skemering die sluip *word donker*
al nader — bode van die dood. *kamer*
Die donker *messenge* plekke word al groot,
wat langs die kamerhoeke kruip;
en netnou sal die kimmelig *duister* sal
wegduist-rend rus op sy gesig *netnou*

2
Sy uurtjies is netnou gedaan,
en netnou sal die klok gaan staan,
wat nagte deur *was by* steeds wakend was,
en wat nog trou sy *jongste* snik *luur*
verselskap sal met sy getik. *asemhaa*
Dan sal die frisste *sal salant* wysterglas
steeds verder van die oog gaan wyk,
wat al deur digte *men* newels *kyk* kyk.

Weldroefheid
Netnou sal vrinde van hom gaan;
oogdekkend fluister: „dis gedaan!” *nika!*
Geen band sal aan sy siel meer heg, *hom*
omdat die Dood naby hou stand, *aanaa*
wat straks vergoed sy koue hand
hom op die *warrem* vleis sal leg.
Dan sal die siel hom vrolik rep *aan sal*
en snel die vleuels opwaarts klep. *siel te*
wees
ban uitgev

Die oogwaardent by die lewes

Netnou sal stil sy doodkis staan,
waar selfs geen fluisterstemme gaan;
alleen 'n ligte tred sal naak, *net in die dood*
as vrou en kind sy laaste stee *na plek*
omring met inn'ge hartebee, *daar sul hulle*
dat God sal spreek die dodespraak, *Heer nou*
sal open die geheimenis *hou kromme*
van wat die nare grafkuil is. *die Dode weer*
nip

Netnou sy doodkis diep sal staan—
waar selfs geen donderstemme gaan—
tot eens wat hier sy stofkleed was, *sy dood*
saam met die huisie wat hom dek, *met sy*
in d' ondergrondse holteplek, *doodkiss*
vergaan het tot 'n hopen as.

Maar Heer! hoor my!

Wees hom naby!

Bewaar die kiem verderwingsvry
tot die verrysingsmôre bly!

En, Heer! neem nou my smeekbee aan,
as 'k by die hooploos kranke staan!

hoortog my gebed.

In gebed ver sy vader in
sy sterwings se uur.

DIE WIND HET MY DIE SPRAAK GEBRAG.

*is iets wat
aan die
lomb is.*

Die wind het my die spraak gebrag,
maar 't was 'n diep geheimenis —
aannad'ring van wat vér nog is,
'n skadu in die middernag!

*— wind
doen.*

Misterieuse wind wat oor
die wêreldvlak in stormevlaag
die distelsade verder draag *thistle seed*
en strooi in onbekende voor, *unknown*

waar moeder-aard' haar kind omklem
en koester, tot die distelstruik, *boom*
en distelblom opnuut ontluik
en raatlend antwoord op u stem;—
getroud

in

die wondre wind het ook gekom
my luisterende siele langs,
en daar gestrooi die kiem van angs, *fear*
waaruit ontbloeï die smarteblom. *suffering*

~~as hy self 'n~~ smart, prae
dan prae hy van die son wat
op kom + die maan nêre die hemel
is.

Ek staan alleen die nu-jaarsdag;
die koue son was opgegaan,
en hoër blink verbleek die maan—
die laaste blyk van oujaars-nag.

Die tuingeboomte staan verward *deurwêre*
so blaas die oostewind daarin;
hoe treurig was die jaarbegin
en hoe — mistroostig was my hart!

Daarbuite was geen vrede nie, *alles onstuur*
net wilde stemme in windgedryf.
Toe het ek node neergeskryf *donker troef*
my al te donker profesie: *my harte in*
gleding

„'n Koue wind sleep sy slippe rond
oor bometop, langs deurweekte grond. *grond?*

„Daar bo hang geswaaid 'n driekwart
[maan
soos 'n asvaal spook teen die hemel aan...

„Daar ver rys die son met 'n koue gril
soos een wat sy pad nie bewandel wil.

„En ek kyk deur my tuin die wêreld in
en sê: ai my, as die jaar so begin!”

DIT IS NAG.

Dit is nag, stille nag,
en 'n moeder hou wag,
waar 'n kindjie teer lê te sterf—
net 'n flou-floue sug
in die ruim-ruime lug,
en 'n sieltjie het weggeswerf.

En agter die huis
vlieg met woeste gedruis
die snorkende spoortrein verby;
en die nag die dreun
van sy wilde gesteun
soos hy voort op die ysters gly.

o Die tere krag
van 'n kind wat so sag
en so stil weer die wêreld ontstyg;
o die moeder alleen
in haar bitter geweën,
as die nag op haar smeekstem swyg!

o Die woeste geweld
van die trein oor die veld,
waar die moeder allenig treur;
die hemel en aard
weergalm van sy vaart, speed
wat die wêreld in twee skeur.

*nes die wêreld in
dwee is.*

***DIE TREIN VAN DIE LEWE.**

(Geskryf in die trein.)

Daar gaan die trein van die lewe
en ek sit binnekant in,

omgons deur geskok en gebewe.

Wat—leef ek of word ek gelewe?

en—is dit my eerste begin?

Toe ek vir my kom kry het,

toe staan die trein vir my klaar:

ek weet nie hoelank hy gery het,

voordat hy vir my kom kry het,

hoelank, en nog minder vanwaar.

'n Kaartjie word my gegewe

om saam met die trein te kan ry.

Maar ek voel óók: dis ek, wat wil lewe,

wat wil streef met die eindlose strewe,

al is die trein nie van my.

So dikwels verlang ek na buite,

na verre heuwels van vree,

wat ek weg sien sweef deur die ruite

op die verre kimme daarbuite;—

maar ek wil tog maar altyd weer mee!

hoe lang ek kan blywe
Ek weet nie hoe ver ek kan reis nie;
net die syfer van myle word groot.

enend in die pyle van die tyd
Kan iemand my nou nie al wys nie
die punt, wat ek nie sal oor-reis nie?—
My kaartjie noem net: die dood.

Maar niemand wat antwoord kan gewe,
en niks op die leë kim.

van myn lewens sekerheid
Ek moet wag tot die stoomfluit bewe,
wat skel my die teken sal gewe,
dat dit tyd is om uit te klim.

Dan sal ek my willig gewe, *sal gewillig we*
maar—ek mág ook nie verder gaan. *moet pad*
En eindlik is niks meer geblewe
van die mensies van soëwe;
en die sterke trein gaan maar aan. *wees
faan vas
aan.*

everything is mortal.
ALLE VLEES IS GRAS.

„Alle vlees is gras”—ontsaglike woord,
somber verklank—in nog somberder oord!

Oord—skriklik vereensaamd, 'n effe verskiet,
waar die winde herhaal hul huilende lied;
of diep geswyg luister asemloos stil,
as die grasklos nie roer op gevoelige spil.
Kransegeweld, teen die hemel geklim,
verbreek nie die lyn van 'n bleek-leë kim;
geen boom vul die lug met donker gestreep,
geen stroom wend hom weg met sy silwer

[gesleep—

dis gras, alles gras, één wilde wei,
en heel enkeld 'n blomme daar tussenbei.

~~raaf~~ die voorbode van ontfen

„Alle vlees is gras.”

Windlose nag met sy somber geswyg—
swart soos 'n raaf oor groenende twyg—
sy vlerk het gestrek oor die wydte so bloot,
maar sy duister vlerk was vlerk van die dood.
Die sterreskrif was wonderbaar hel, baie helder
en die stem van die stilheid het fluistrend

[voorspel:
„vannag kom die ryp, die veld sal vervaal!”
en 'n helder kim het die eggo herhaal.

Verlate, oorgegee nes 'n martelaarskaar, veel
het die halme gestaan met hul smeek-gebaar.

„Alle vlees is gras.”

'n Venster word sigbaar, 'n môre verskyn
soos lig wat sif deur die kamergordyn,
waar 'n sieke lê sterf; hoog-gehalmdde gras,
beklem en verkluim, die voete vas
in die ryp, het hul kroeisige koppe gedraai
na die koers wat gister die wind het gewaai.
In skimmige vaalheid, uit die weste her, veel
verblyk nog die goud van 'n laaste ster.

is van die dood

koppe
koppie
koppe

Beskrywing van dag

„Alle vlees is gras.”

done of sapphire

Oop staan die dag, 'n dom van saffier,

ewig-vas in sy trou, maar nou gloedloos sy

Son

[vier; glo]

sy hoogte die neig hom, omarmend weer

sy bruidveld, hy werp hom nog kussend neer

op haar boesemprag; maar die tere band

het die wind verbreek met onsibbare hand.

Duisternis toe en knypende vors.

het die asem laat stol in haar groenende bors.

Sy sal lewe, herlewe? Verwonderlik klaar

bly die hemelvrind nog op sy veldbruid staar.

„Alle vlees is gras.”

wind waai

'n Windjie ontwaak; eers 'n teer-klein ding,

soos 'n vlinder weif'lend sy fladdering,

kort maar van duur, 'n paar hallempies langs;

hier en daar tril effens 'n spiertjie van angs—

en dis stil. Maar straks bééf die ganse veld

van wilde geblaas en oorlogsgeweld,

wind-wesens ontwaak uit onsibbare graf,

en vlieg verwilderd op die veldgraan af.

„Alle vlees is gras.”

Die heel dag lank het die grassaad gebuk,
oetmoedig gekniel in die windgeruk,
tot verby was gegaan die winterdag,
die stormgeloop en die windgejag.

(As) Is die veld vergaan, die gras verdord,
en die wêreld weer één winter geword,—

dan versmelt die windklank soos 'n orrelgeluid
wat saggies wegbeef, as 'n tempeldiens sluit.

Oor die yslike graf, aan die westertrans,
verrys nog verlaas 'n purpergeglans—
aankondiging van herrysingsdag,
as die somerson oor die aarde sal lag;
as geen ryp-geskitter, geen winter meer is,
en geen winde meer waai oor die wildernis!

urpergeglans bode van hoop.